**VRAAG 1** **100 punte**

Jy werk by Confused (Edms) Bpk (‘Confused’). Confused verskaf rekeningkundige en belastingadviesdienste aan verskeie kliënte. Jou portefeulje sluit die onderstaande twee toegekende kliënte in, wat jou in verband met die aangeleenthede hieronder genader het.

| **Kliënt 1: Makhado Textiles Bpk** |
|---|

**Ignoreer belasting op toegevoegde waarde (BTW) vir kliënt 1**

Makhado Textiles Bpk (‘Makhado’) is die houermaatskappy van ’n groep maatskappye en is op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer. Die Makhado-groep se primêre besigheid is tekstielvervaardiging. Die finansiële jaareinde en jaar van aanslag van al die maatskappye in die Makhado-groep is 30 Junie. Makhado se funksionele geldeenheid is die Suid-Afrikaanse rand (ZAR).

Makhado het op 1 Julie 2014 ingeskryf om ’n 80% beherende aandeel in die uitgereikte aandelekapitaal van Shweshwe Fabrics (Edms) Bpk (‘Shweshwe’), ’n nuutgestigde maatskappy in Suid-Afrika, te bekom. Shweshwe se hoofbesigheid is die vervaardiging van materiaal met tradisionele Afrika-motiewe vir die mode-industrie. Na ’n besluit deur die direksie om ’n fabrieksgebou op te rig om Shweshwe se spinmeule en verpakkingsfasiliteit te huisves, het Shweshwe grond naby Mapungubwe gekoop.

Makhado het op 1 Augustus 2014 ZAR20 miljoen teen 8% per jaar van ’n plaaslike bank geleen en op dieselfde datum die volle bedrag teen 10% per jaar aan Shweshwe geleen om die oprigting van die fabrieksgebou te finansier. Die kapitale bedrag van die lening sal in 2024 terugbetaal word.

| **Kliënt 2: Jali-groep** |
|---|

**Vir kliënt 2 sluit alle bedrae BTW uit tensy andersins aangedui**

Die houermaatskappy van die groep, Jali Bpk (‘Jali’), is op 1 Januarie 2010 in die Republiek van Suid-Afrika (RSA) geïnkorporeer en het later op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer. Jali vervaardig sonpanele. Die funksionele geldeenheid van Jali is die Suid-Afrikaanse rand (ZAR). Alle maatskappye in die Jali-groep het ’n 31 Desember finansiële jaareinde en jaar van aanslag. Die groep het twee filiale, wat aan die begin van die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2017 (FJ2017) ten volle deur Jali besit is:

- *Kekana (Edms) Bpk (‘Kekana’):* Kekana is in die RSA geïnkorporeer en word effektief daar bestuur. Die funksionele geldeenheid van Kekana is die ZAR; en
- *Kermit Inc. (‘Kermit’):* Kermit is in die Verenigde State van Amerika (VSA) geïnkorporeer en word effektief daar bestuur. Kermit se funksionele geldeenheid is die Amerikaanse dollar (USD).

***Agtergrondinligting oor Kekana***

Kekana is op 1 Januarie 2016 as ’n filiaal van Jali geïnkorporeer om meer bekostigbare sonpanele vir huishoudelike gebruik te vervaardig, terwyl Jali self op die vervaardiging van sonpanele vir industriële gebruik sou konsentreer. Jali en Kekana is Kategorie B BTW-ondernemers. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens beskou die vervaardiging van sonpanele en verwante produkte as ’n vervaardigingsproses.

Met die inkorporering van Kekana het Jali ’n kantoorgebou en handelsvoorraad na Kekana oorgedra in ruil vir 230 000 Kekana-aandele. Die bepalings van artikel 42 van die *Inkomstebelastingwet,* 1962 (Wet 58 van 1962), soos gewysig (‘die Wet’) was op hierdie transaksie van toepassing.

Die onderstaande besonderhede hou verband met die kantoorgebou wat na Kekana oorgedra is. Die kantoorgebou –

- is teen 'n koste van ZAR30 miljoen deur Jali opgerig;
- is op 1 Januarie 2010 deur Jali in gebruik geneem met 'n verwagte nutsduur van tien jaar met geen reswaarde nie; en
- se billike waarde en markwaarde op die datum van oordrag het ZAR30 miljoen beloop, met 'n verwagte nutsduur van agt jaar en geen reswaarde nie.

Die onderstaande besonderhede hou verband met die handelsvoorraad wat na Kekana oorgedra is. Die handelsvoorraad –

- se billike waarde en markwaarde op die datum van oordrag het ZAR3 miljoen beloop;
- is teen 'n koste van ZAR2 miljoen deur Jali vervaardig; en
- is gedurende die 2016 jaar van aanslag vir ZAR3 500 000 deur Kekana verkoop.

Jali het op 1 Januarie 2016 ook 770 000 bykomende aandele teen ZAR100 elk in Kekana opgeneem ten einde Kekana se bedrywighede te finansier.

***Koop van nuwe masjinerie deur Kekana***

By die vergadering van die Kekana-direksie wat op 1 Februarie 2017 gehou is, het die direkteure 'n besluit goedgekeur om die bedrywighede op die vervaardiging van sonaangedrewe waterpompe te fokus. Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens beskou die vervaardiging van sonaangedrewe waterpompe as 'n proses soortgelyk aan 'n vervaardigingsproses. Die direkteure het ook besluit om al die masjinerie wat vir hierdie nuwe werksaamheid benodig word, te koop en om enige buitelandse-valutarisiko blootstelling wat uit die koop voortspruit, te verskans.

Kekana het op 1 Maart 2017 'n bestelling vir die nuwe masjinerie vir USD15 000 by Zungu Power Solutions ('Zungu') geplaas. Zungu is 'n nie-inwoner maatskappy wat in Saoedi-Arabië handel dryf. Omdat die koop van hierdie masjinerie normaalweg in USD aangedui word, gee die kontrak nie aanleiding tot 'n vasgeslote afgeleide instrument (Eng.: 'embedded derivative') nie. Zungu was nooit 'n verbonde persoon met betrekking tot Kekana nie. Die aankoopprys het 'n koste van USD1 000 vir installering en toetsing van die masjinerie ingesluit. Installering en toetsing van die masjinerie is beskou as 'n integrale deel van die lewering van die masjinerie. Met die plasing van die bestelling het Kekana 'n nieterugbetaalbare deposito van USD4 500 aan Zungu betaal. Daar is verwag dat die masjinerie op 1 Mei 2017 op Zungu se gewone vereffeningsvoorwaardes afgelewer sou word. Die uitstaande saldo was op 30 Junie 2017 betaalbaar en is op daardie datum vereffen.

Die masjinerie is afgelewer en beheer oor die masjinerie het op 1 Mei 2017 op Kekana oorgegaan. Kekana het 'n klaringsagent vir hierdie transaksie gebruik. Die doeaneregwaarde van die masjinerie was ZAR210 000. Invoerbelasting van ZAR19 000 ten opsigte van die masjinerie is op 10 Mei 2017 betaal.

Kekana het gedurende Mei 2017 tydens die toetsing van die nuwe masjinerie in totaal ZAR25 000 ten opsigte van grondstof en arbeidskoste aangegaan (insluitend die sonaangedrewe waterpompe wat geskenk is – kyk par. onder), en Kekana se bemarkingsafdeling het ZAR30 000 bestee aan die ontwikkeling van 'n webtuiste en video-aanbieding om die sonaangedrewe waterpompe bekend te stel. Die masjinerie was op 1 Junie 2017 gereed vir die voorgenome gebruik, na die afhandeling van die installering en toetsprosedures wat deur die Zungu-personeel uitgevoer is.

Sonaangedrewe waterpompe is op 26 Mei 2017 aan 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie geskenk. Dit het Kekana ZAR5 000 gekos om die sonaangedrewe waterpompe gedurende die toetstydperk te vervaardig, en die markwaarde het ZAR7 500 beloop. Kekana het geen ander skenkings gedurende die 2017 jaar van aanslag gemaak nie en het geen onbenutte skenkingsaftrekkings ingevolge a18A van die Wet ten opsigte van die vorige jare van aanslag nie.


© SAIGR 2018

Vervaardiging van die nuwe sonaangedrewe waterpompe het op 1 Julie 2017 begin. Die verwagte nutsduur van die masjinerie is agt jaar vanaf die datum waarop depresiasie vir doeleindes van finansiële verslagdoening ’n aanvang neem, met geen reswaarde nie.

Kekana het op 1 Maart 2017 ’n valutatermynkontrak (VTK) (Eng.: ‘forward exchange contract’) gesluit om USD10 500 op 30 Junie 2017 aan te koop. Op hierdie datum is die VTK in sy geheel aangewys as ’n verskansingsinstrument met betrekking tot die buitelandse vaste verpligting (Eng.: ‘firm commitment’) om die nuwe masjinerie (verskanste item) te koop. Hierdie verskansing is as ’n kontantvloeiskans van buitelandse valutarisiko aangewys. Hierdie verskansingverhouding voldoen vir die duur van die verskansingsverhouding aan alle vereistes wat in IFRS 9 *Financial Instruments,* par. 6.4.1 uiteengesit is.

***Lening van Kermit***

Kekana het op 1 Mei 2017 USD8 000 by Kermit geleen teen ’n effektiewe rentekoers van 1% per jaar. Die rente is jaarliks betaalbaar, beginnende die einde van April 2018. Die kapitale bedrag van die lening is op 30 April 2022 ten volle terugbetaalbaar. Hierdie transaksie het voldoen aan al die betrokke wette en regulasies en was ’n armlengte transaksie.

***Verkoop van kantoorgebou deur Kekana van Jali gekoop***

Kekana het op 1 Oktober 2017 die kantoorgebou wat tydens inkorporasie vanaf Jali verkry is, vir ZAR10 miljoen aan ’n nieverwante persoon verkoop.

***Verkoop van aandele in Kekana deur Jali***

Jali het op 1 November 2017 die 230 000 aandele (wat op 1 Januarie 2016 met die oordrag van die kantoorgebou en handelsvoorraad aan Kekana ontvang is) vir ZAR12 miljoen aan ’n persoon wat nie ’n verbonde persoon met betrekking tot Jali is nie, verkoop. Jali het hierdie aandele verkoop omdat die maatskappy bykomende befondsing benodig het.

***Bykomende inligting***

- Die onderstaande wisselkoerse is van toepassing vir die tydperk 1 Maart tot 31 Desember 2017:

| **Datum** | **Sigkoers** | **Termynkoers** | |
|---|---|---|---|
| | **USD:ZAR** | **USD:ZAR** | |
| 1 Maart 2017 | 13,12 | 13,43 | Viermaande VTK |
| 1 Mei 2017 | 13,27 | 13,56 | Tweemaande VTK |
| | | 13,72 | Viermaande VTK |
| 1 Junie 2017 | 13,46 | 13,80 | Eenmaand VTK |
| | | 13,91 | Viermaande VTK |
| 30 Junie 2017 | 13,75 | 13,30 | Viermaande VTK |
| 31 Desember 2017 | 13,62 | | |
| Gemiddelde wisselkoers vir die tydperk 1 Mei 2017 tot 31 Desember 2017: 13,45 | | | |

- Die enigste tydelike verskil van Kekana wat op 31 Desember 2016 bestaan het, was dié in verband met die kantoorgebou wat op 1 Januarie 2016 vanaf Jali verkry is.
- Die Jali-groep maatskappye pas International Financial Reporting Standards (IFRS) toe.
- Die Jali-groep maatskappye het IFRS 9 *Financial Instruments,* met inbegrip van hoofstuk 6 oor verskansingsrekeningkunde, vroeg aanvaar.
- Rond alle bedrae tot die naaste ZAR af.
- Alle bedrae is wesenlik.

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

# MONETÊRE VERANDERINGE – ATB 2018

Ten opsigte van enige jaar van aanslag wat **op of na 1 Maart 2016** begin **(synde 2017 jaar van aanslag)** – *tensy spesifiek anders vermeld*

**KORTINGS (artikel 6)**
**Primêre korting** verhoog van R13 257 na **R13 500**;
*(Sekondêre en tersiêre kortings het onveranderd gebly)*

**MEDIESE KORTINGS (artikel 6A)**
Voordele aan die belastingpligtige: R270 verhoog na **R286**;
Voordele aan die belastingpligtige en een afhanklike: R540 verhoog na **R572;**
Voordele aan elke bykomende afhanklike: R181 verhoog na **R192**.

**ARTIKEL 9D insluiting aanpassing indien inwoner 'n natuurlike persoon is (artikel 9D(2A)(f))**
Vir doeleindes van paragraaf 10 van die Agtste Bylae: 33,3% verhoog tot **40%** van die maatskappy se netto kapitaalwins vir die betrokke buitelandse belastingjaar indien inwoner 'n natuurlike persoon is.

**ARTIKEL 10(1)(q)(ii) Vrystellingbepalings van studiebeurs aan familielid van werknemer**
(*aa*) Besoldigingsplaasvervanger: R250 000 verhoog na **R400 000**
(*bb*)(A): R10 000 verhoog na **R15 000**
(*bb*)(B): R30 000 verhoog na **R40 000**

**RESIDENSIËLE HUISVESTING (paragraaf 9 van die Sewende Bylae))**
Simbool B van R73 650 verhoog na **R75 000**.

**KWB JAARLIKSE UITSLUITING (paragraaf 5(1) van die Agtste Bylae)**
R30 000 verhoog na **R40 000**

**KWB INSLUITINGSKOERS (paragraaf 10 van die Agtste Bylae)**
In die geval van 'n natuurlike persoon of 'n spesiale trust (soos in a1): 33,3% verhoog na **40%**
In die geval van 'n maatskappy en 'n trust (behalwe 'n spesiale trust): 66,6% verhoog na **80%**

**KOERSE VAN NORMALE BELASTING**
- Ten opsigte van die belasbare inkomste (uitgesluit enige uittreefonds enkelbedragvoordeel, uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel of skeidings-voordeel) van natuurlike persone, boedels en spesiale trusts.

| **Belasbare inkomste (R)** | **Skaal van Belasting** |
|---|---|
| 0 – 188 000 | 18% van belasbare inkomste |
| 188 001 – 293 600 | R33 840 + 26% van die bedrag bo R188 000 |
| 293 601 – 406 400 | R61 269 + 31% van die bedrag bo R293 600 |
| 406 401 – 550 100 | R96 264 + 36% van die bedrag bo R406 400 |
| 550 101– 701 300 | R147 996 + 39% van die bedrag bo R550 100 |
| 701 301 en hoër | R206 964 + 41% van die bedrag bo R701 300 |


© SAIGR 2018

- **Kleinsakekorporasie (soos omskryf in artikel 12E)**
  (Ten opsigte van jare van aanslag eindigend op of na 1 April 2016)

| **Belasbare inkomste (R)** | **Skaal van Belasting** |
|---|---|
| 0 – 75 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 75 001 – 365 000 | 7% van die bedrag bo R75 000 |
| 365 001 – 550 000 | R20 300 + 21% van die bedrag bo R365 000 |
| 550 001 en hoër | R59 150 + 28% van die bedrag bo R550 000 |

**REISTOELAAG**

| **Waarde van die voertuig (R)** | **Vaste koste (R p.j.)** | **Brandstofkoste (c/km)** | **Instandhoudingskoste (c/km)** |
|---|---|---|---|
| 0 – 80 000 | 26 675 | 82,4 | 30,8 |
| 80 001 – 160 000 | 47 644 | 92,0 | 38,6 |
| 160 001 – 240 000 | 68 684 | 100,0 | 42,5 |
| 240 001 – 320 000 | 87 223 | 107,5 | 46,4 |
| 320 001 – 400 000 | 105 822 | 115,0 | 54,5 |
| 400 001 – 480 000 | 125 303 | 132,0 | 64,0 |
| 480 001 – 560 000 | 144 784 | 136,5 | 79,5 |
| Oorskry 560 000 | 144 784 | 136,5 | 79,5 |

Alternatiewe vaste koers vir sekere vergoedende reistoelae: **329** sent per kilometer (voorheen 318 sent)

**BESTAANSTOELAAG**

- Binne die Republiek:
  - Toelaag alleenlik vir toevallige uitgawes – **R115** (voorheen R109) per dag.
  - Toelaag vir etes en toevallige uitgawes – **R372** (voorheen R353) per dag.
- Buite die Republiek:
  - Werklike verblyf plus 'n voorgeskrewe bedrag gebaseer op die betrokke land (welke bedrag in die ATB verskaf sal word indien dit verskil van die bedrag soos in die Regulasie in die SAIGR Studentehandboek vervat).

**HEREREGTE (Artikel 2(1)(b) van die Wet op Hereregte)**

Ten opsigte van eiendom op of na **1 Maart 2016** verkry:

| **Waarde van eiendom (R)** | **Koers** |
|---|---|
| 0 – 750 000 | 0% |
| 750 001 – 1 250 000 | 3% van die waarde bo R750 000 |
| 1 250 001 – 1 750 000 | 15 000 + 6% van die waarde bo R1 250 000 |
| 1 750 001 – 2 250 000 | 45 000 + 8% van die waarde bo R1 750 000 |
| 2 250 001 – 10 000 000 | 85 000 + 11% van die waarde bo R2 250 000 |
| 10 000 000 en hoër | R937 500 + 13% van die waarde bo R10 000 000 |


© SAIGR 2018

# AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
# PROFESSIONELE VRAESTEL 3

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek die inkomstebelastinggevolge van die rente ontvang en rente betaal op albei lenings van ZAR20 miljoen in Makhado se belasbare inkomste vir die jaar van aanslag geëindig 30 Junie 2017.<br><br>Verwys waar toepaslik na regspraak en toepaslike wetgewing. | 11 | 11 |
| (b) | Bespreek, met ondersteunende berekeninge, die BTW gevolge vir Kekana wat uit die aankoop van die nuwe masjinerie voortspruit. | 8 | 8 |
| (c) | Bespreek, met ondersteunende berekeninge, die inkomstebelasting-gevolge vir Kekana met betrekking tot die nuwe masjinerie asook die sonaangedrewe waterpompe vir die jaar van aanslag geëindig 31 Desember 2017. | 26 | 26 |
| (d) | Bereken die kapitaalwins of -verlies vir Kekana (indien enige), soos omskryf in die Agste Bylae, uit die verkoop van die gebou vir die jaar van aanslag geëindig 31 Desember 2017. | 5 | 5 |
| (e) | Bespreek, met ondersteunende berekeninge, die inkomstebelasting-gevolge vir Jali ten opsigte van die verkoop van die aandele in Kekana vir die jaar van aanslag geëindig 31 Desember 2017. | 5 | 5 |
| (f) | Bespreek die inkomstebelastinggevolge van die buitelandse valutaverskille wat voortspruit uit die her-meting van die lening deur Kermit aan Kekana verskaf vir die jaar van aanslag geëindig 31 Desember 2017. | 5 | 5 |
| *Kommunikasievaardighede van toepassing op al bostaande vereiste afdelings – logiese beredenering; duidelike uitdrukkingswyse* | | | *4* |
| **Totaal vir deel I** | | | **64** |


© SAIGR 2018

## AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
## PROFESSIONELE VRAESTEL 3

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (g) | Berei die joernaalinskrywings voor wat benodig word om al die transaksies wat verband hou met die masjinerie gekoop by Zungu asook die lening verkry van Kermit in die individuele finansiële state van Kekana vir FJ2017 te verantwoord.<br><br>• Ignoreer BTW, lopende belasting en uitgestelde belasting.<br>• Moenie sluitingsjoernaalinskrywings voorberei nie. | 27 | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding en uitleg* | *1* | 28 |
| (h) | Bereken die uitgestelde belastingsaldo's in Kekana se individuele finansiële state soos op 31 Desember 2016 en 2017.<br><br>Aanvaar vir die doeleindes van slegs hierdie verlanggedeelte dat die belastingbasis soos op 31 Desember 2017 in verband met −<br>• die masjinerie gekoop van Zungu ZAR200 000 is; en<br>• die lening van Kermit ZAR106 160 is.<br><br>Ignoreer BTW. | 8 | 8 |
| **Totaal vir deel II** | | | **36** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2018